



SARL NUUS SONDAG 16 SEPTEMBER 2018

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Die bulletin word deur ZS6JPL via Echolink herlei. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se web tuiste. 'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za, afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

Ons begin die bulletin vanoggend met nuus van 'n stil sleutel.

Dit is met leedwese dat ons moet aankondig dat die sleutel van Louis Jordaan, ZS2EN van Port Elizabeth op Woensdag 12 September 2018 stil geword het.

Ons betuig ons opregte meegevoel aan sy vrou, Elsabé, familie en vriende.

POUSE

In die nuus vandag:

OKTOBER RAE REGISTRASIE SLUITINGSDATUM VERLENG

DIE IARU ADMINISTRATIEWE RAADSVERGADERING FOKUS OP WRC-19 VOORBEREIDING

en

TWEE 40-METER UITSAAI INDRINGERS WEG BERIG DIE IARU STREEK 1 MONITERINGSTELSEL

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

OKTOBER RAE REGISTRASIE SLUITINGSDATUM VERLENG

Die Oktober-eksamen is slegs 'n paar weke weg, dit word op Saterdag 13 Oktober 2018 geskryf. Daar is baie individue wat geregistreer het, maar nog nie al die vereiste vorms voltooi het nie, of selfs die vereiste dokumentasie opgelaai het. Om hierdie rede is die sluitingsdatum verleng tot Vrydag 28 September 2018. Maak asseblief seker dat alle dokumente volledig voltooi is en dat alle vereiste dokumente opgelaai word. Geen laat inskrywings sal na hierdie datum aanvaar word nie.

DIE IARU ADMINISTRATIEWE RAADSVERGADERING FOKUS OP WRC-19 VOORBEREIDING



Die Administratiewe Raad (AC) van die Internasionale Amateur Radio Unie (IARU) het sy jaarlikse in-persoon vergadering op 8 en 9 September 2018 in Seoel, Republiek van Korea, onmiddellik voor die IARU Streek 3-konferensie gehou. Die AC is verantwoordelik vir die beleid en bestuur van die IARU en bestaan uit die drie IARU internasionale beamptes en twee verteenwoordigers van elk van die drie IARU streeksorganisasies.

Met die 2019 Wêreld Radiokommunikasie Konferensie (WRC-19) van die Internasionale Telekommunikasie-unie (ITU), nou net meer as 'n jaar weg, is die pogings van twee dosyn IARU-vrywilligers om amateurradio se frekwensie toewysings teen kommersiële druk te verdedig en om wêreldwye harmonisering van die 50 tot 54 MHz band te bereik, in 'n kritieke stadium. Koördinering van hierdie span is 'n deurlopende taak wat sal lei tot die voorbereidende vergadering van die ITU Konferensie in Genève in Februarie 2019 en in WRC-19 self in Sharm El-Sheik, Egipte in Oktober en November. Die werk behels die aanbieding van die IARU-posisies op die WRC-19 agenda items aan nasionale administrasies deur die IARU-Lidlande en aktief deel te neem aan die voortgesette voorbereidings wat in plaaslike telekommunikasie-organisasies en die ITU-radiokommunikasie sektor gedoen word. Die potensiaal vir die verlamme vlakke van steurings aan radiokommunikasie vanaf Hoë Krag Draadloos Kragoordrag (WPT) vir ele ktriiese voertuie is hoog op die lys van bekommernisse.

Met hierdie uitdagings in gedagte, het die AC sy strategiese plan hersien om steun vir amateur spektrum toekennings te ontwikkel en die aksieplan vir implementering gedurende die res van 2018 en 2019 goedgekeur. Om die plan te ondersteun, is die IARU-begroting vir die jare 2019 tot 2021 hersien en aanvaar. Die begroting is gebaseer op verwagte finansiële bydraes van die IARU Internasionale Sekretariaat (IS) en die drie streeksorganisasies en weerspieël deurlopende pogings om uitgawes te verminder terwyl die noodsaaklike aktiwiteite vir die bereiking van die plan behou word.

Die groei van amateurradio, veral hoe om jongmense na die stokperdjie te lok, is 'n algemene bekommernis vir IARU-lidlande. Die AC sal die hindernisse vir groei identifiseer sodat die IARU vir lidlande kan help om dit aan te spreek en lidlande aan te moedig om suksesvolle strategieë vir groei met mekaar te deel.

Na oorweging van verskeie moontlike alternatiewe, is die tema vir die Wêreld Amateur Radio Dag op 18 April 2019, bevestig as "Viering van Amateur Radio se bydrae tot die samelewing."

Jy luister na 'n nuusbuletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

TWEE 40-METER UITSAAI INDRINGERS WEG BERIG DIE IARU STREEK 1 MONITERINGSTELSEL

Die IARU Streek 1-moniteringstelsel (IARUMS) berig dat twee langtermyn uitsaai indringers op 40 meter weg is. IARUMS-koördineerder Wolf Hadel, DK2OM, het in die Augustus IARUMS-nuusbrief gesê dat Radio Hargeisa in die Republiek van Somaliland op 7,120 MHz en Radio Ethiopië op 7,140 MHz in die laaste week van Augustus die band verlaat het. "Ons gaan hulle nie mis nie," het hy gesê.

IARUMS het toenemende militêre verkeer op 7 en 14 MHz gerapporteer, "veral op digitale modusse van Rusland en China." Daarbenewens het 'n wye band oor die horison (OTH) radar in China ernstige probleme op 20 meter veroorsaak, terwyl 'n Iranse radar op 28,860 MHz "onder sporadiese E toestande gehoor kan



word." Duitse telekommunikasie-owerhede het 'n formele klagte ingedien. Hadel het gesê 'n Russiese vloot stelsel wat vermoedelik in Moskou is, het op 7,182 MHz verskyn op F1A, 'n skuif van 200 Hz, wat as RDL geïdentifiseer word. Duitse telekommunikasie-owerhede is in kennis gestel.

Hadel het ook oor die "kinderagtige gedrag" deur amateurs in Wes- en Oos-Oekraïne gerapporteer "wat mekaar beledig of elke dag musiek speel" op 7,055 MHz (LSB). Verslae van amateur band indringers kan ingedien word via die IARU Streek 1 Moniteringstelsel se Logger by <http://peditio.net/intruder/bluechat.cgi>.

AWA RADIO RESTOURASIE AANBIEDING

Die Sandton Amateurradioklub en die Antieke Draadloosvereniging (AWA) hou 'n insiggewende aanbieding oor die restourasie van antieke radios. Andy, ZS6ADY, Rad, ZS6RAD en Oliver, ZS6OG sal die praatjie aanbied en sal interessante radios van toeka se dae tentoonstel. Kom sluit gerus by ons aan by die NARS op Saterdag 29 September om 10.00 vir 10.30. Almal is welkom, maar daag asseblief vroeg op aangesien sitplek beperk is. Boerewors broodjies en koeldrank sal te koop wees.

FINALE UITSLAE VAN DIE SARL HF GELYKGOLF KOMPETISIE

Ingevolge Algemene Reël 9 van die 2018 SARL Kompetisie Handleiding word die uitslae van die SARL HF Gelykgolf kompetisie soos gepubliseer in HF Happenings 811 nou as die finale uitslae beskou.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar geen sonvlekke sigbaar nie. Diegene wat hul eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Met die dag-en-nag ewening op pad, kan amateurs veral met sonsopkoms en sonsondergang moontlik goeie openinge op die 15, 20 en 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Kom ons loer nou na gebeure vir die volgende paar weke:

17 September - die sluitingsdatum vir NVD logstate 22 September - die Kaapstad ARS vergadering 23 September - Lente Dag- en Nagewening 24 September - Erfenis Dag en Nasionale Braai Dag; die sluitingsdatum vir BHF/UHF Digitale Logstate en artikels vir die Oktober Radio ZS 28 September - die Provinsiale skole sluit en registrasie vir die Oktober RAE sluit 29 September - die AWA radio restourasie aanbieding by die NARS 29 en 30 September - die CQ WW RTD kompetisie 1 Oktober - die sluitingsdatum vir die Afrika Alle Modusse logstate 4 Oktober - die SARL 80 m QSO Geselligheid 6 Oktober - die Oos-Rand Tak Snuffelmark 6 en 7 Oktober - die AWA Buis QSO Geselligheid 7 Oktober - die RSGB DX Kompetisie (voorheen die RSGB 15/10 m kompetisie)

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die Oktober-eksamen is slegs 'n paar weke weg, dit word op Saterdag 13 Oktober 2018 geskryf. Daar is baie individue wat geregistreer het, maar nog nie al die vereiste vorms voltooi het nie, of selfs die vereiste dokumentasie opgelaa het. Om hierdie rede is die sluitingsdatum verleng tot Vrydag 28 September 2018.



Maak asseblief seker dat alle dokumente volledig voltooi is en dat alle vereiste dokumente opgelaaai word. Geen laat inskrywings sal na hierdie datum aanvaar word nie.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuusbrokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuusberigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. 'n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 320 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateur frekwensies.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Emile Venter, ZS6V, geredigeer deur Dennis Green, ZS4BS/3 en gelees deur

Die Afrikaanse Nuusspan groet nou en wens jou 'n mooi week toe. Totsiens.
